13.5 RAPPORT 5 – BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO – WEBWERF (Art 221)

13.5 REPORT 5 – MANAGEMENT OF THE ADMINISTRATIVE BUREAU TO THE MEMBERS OF THE ADMINISTRATIVE BUREAU – WEBSITE (Art 221)

A. Ds CA Jansen stel die Rapport.
Rev CA Jansen tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag	**1. Mandate**
1.1 Dat die Bestuur van die Administratiewe Buro verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur en instandhouding van die webwerf. Dit sluit die webwerwe/webblad van elke Deputaatgroep in. Dat die GKSA-webmeester wat aangewys word, die personeel van die Administratiewe Buro oplei om die webwerf op 'n deurlopende basis in stand te hou, asook die ontwikkeling van sosiale en inligtingsmedia (Handelinge 2015:77, 1.1.8).	1.1 The Management of the Administrative Bureau is to bear responsibility for managing and updating the website. This includes the websites/-page of every Deputy group. The appointed GKSA webmaster is to train the Administrative Bureau staff to update the website on a continuous basis as well as social and information media (Acta 2015:77, 1.18).
1.2 Die Sinode gee opdrag dat die GKSA webwerf en die CJBF-webwerf geïntegreer word in een enkele webwerf en dat die inhoud van die CJBF-webblad steeds onder toesig van die CJBF-deputate staan (Handelinge 2015:433, 2.1).	1.2 The Synod instructs that the GKSA website and CJBF website be merged into a single website, whereby the content of the CJBF website will remain the providence of the CJBF deputies (Acta 2015:433, 2.1).
Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 and 1.2 noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take note of**
2.1 Die Bestuur van die Administratiewe Buro poog om in die uitvoer van bogenoemde opdrag, die kerke en Deputaatgroepe tot diens te wees. Die webwerf is deurlopend in stand gehou, ook met die aktiewe insette van twee personeellede van die Administratiewe Buro.	2.1 The Management of the Administrative Bureau strives in the execution of the above instruction to be of service to the churches and deputy groups. The website was continuously updated, also with the input of two members of staff of the Administrative Bureau.
2.2 Ten einde die GKSA webwerf meer doeltreffend te maak (inligtingsmedia), is die webwerf uitgebrei van 27 blaaie/afdelings in 2015 na 74 blaaie/afdelings in 2017.	2.2 In order to make the GKSA website more effective (information media), it was expanded from 27 pages/sections in 2015 to 74 pages/sections in 2017.
2.3 Al die voorsitters van Deputaatgroepe is uitgenooi om inhoud beskikbaar te stel wat op die GKSA webwerf geplaas	2.3 All chairmen of Deputy groups were invited to provide content for loading onto the GKSA website.

kan word.	
2.4 Die Bestuur van die Administratiewe Buro het geoordeel dat die behoefte aan ‘n volledige Engelse webwerf vir GKSA ook bestaan. Slegs enkele dokumente/formuliere was voorheen in Engels beskikbaar op die GKSA webwerf. Die oorgrote inhoud van die GKSA webwerf is nou ook in Engels beskikbaar. Daarvoor is sowat 38 000 woorde vertaal en die totale koste verbonde aan die daarstelling van die Engelse webwerf het sowat R12 000 beloop.	2.4 The Management of the Administrative Bureau saw a need for a complete English version of the GKSA website. Only a few documents/formularies were previously available in English on the GKSA website. The majority of the content is now also provided in English. Approximately 38 000 words were translated and the total cost of creating the English website came to R12 000.
2.5 Wat die opdrag betref oor die ontwikkeling van sosiale media oordeel die Bestuur van die Administratiewe Buro dat die opdrag onuitvoerbaar is. Redes hiervoor sluit in die veranderde aard van sosiale media in Suid-Afrika en die meer algemene negatiewe belewenis van sosiale media in ons land. Sosiale media om effektief te wees, moet deurlopend bestuur word en ook proaktief beïnvloed word deur die beïnvloeders van bepaalde sosiale sake van die dag, wat aandag verdien. Hierdie is nie op die weg van die Bestuur van die Administratiewe Buro nie. Daar is twee platforms in GKSA wat wel van sosiale media gebruik maak, naamlik *Die Vroueblad* en *Kruispad*. Beide Redaktrises van die twee tydskrifte is positief oor die rol van sosiale media in die mark wat hulle aanspreek en die werk wat hulle doen. Dit is logies dat *Die Kerkblad* en *Slingervel* dit te behoort oorweeg om ook sosiale media in te span in hul werksaamhede.	2.5 The Management of the Administrative Bureau deems the instruction of developing social media as impossible. The reasons for this include the changing nature of social media in South Africa and the generally negative experience with social media in this country. Social media is only effective if it is continuously managed and also proactively steered by the influential parties of the relevant social affairs of the day that requires attention. This is not a path for the management of the Administrative Bureau. The two platforms of the GKSA that make use of social media are *Die Vroueblad* and *Kruispad*. The Editors of both magazines are positive over the role of social media in their target market and the kind of work they do. It would be logical for *Die Kerkblad* and *Slingervel* to also include social media to their activities.
2.6 Die GKSA-webwerf en die CJBF-webwerf is geïntegreer in een enkele webwerf en die inhoud van die CJBF-webblad staan steeds onder toesig van die CJBF-deputate.	2.6 The GKSA website and CJBF website merged into a single website, and the content of the CJBF website still remain the providence of the CJBF deputies (Acta 2015:433, 2.1).
Besluit: Punte 2.1 tot 2.6 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.6 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decide on**
3.1 Dat die Redakteurs van *Die Kerkblad* en van *Slingervel* dit oorweeg om sosiale media te gebruik in die uitvoering van hul werksaamhede.	3.1 The Editors of *Die Kerkblad* and *Slingervel* are to consider using social media in their work.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**